**4 Februarie** **Skrifgedeelte: Matteus 5:1-12**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:12**

## Nege keer geseënd in 'n bepaalde volgorde

Wie sal daardie wonderlike dag met al die pragtige woorde van seëninge ooit vergeet? Hierdie treffende en waar woorde van Jesus is wêreldwyd bekend. Die vraag is: Word dit werklik verstaan en geleef? Die orde waarin Christus die saligsprekinge op mekaar laat volg, dui die doel daarvan aan. Ons word geseën, sodat ons vir God en sy koninkryk tot 'n groot seën kan wees (vs 11).

Kyk, die eerste twee saligsprekinge gaan oor myself. Gelukkig is ek as ek ware selfinsig het: as ek weet dat my hart van nature boos is, dat ek die ewige dood verdien, dat ek nie voor God kan staan nie. Mense met so 'n selfinsig gaan soek hul verlossing en heil by Jesus Christus. Dit is hulle wat treur oor hulle sondes.

Dan gebeur die wonder. God maak ons in Christus *nuwe mense* (vgl. 2 Kor 5: 17). Ons word *sagmoediges*, ons word *soekers van wat reg* is, ons word *barmhartig*, *rein van hart* en *vredemakers*. Hoe meer ons hierdie Christelike deugde uitleef, hoe meer word ons daarmee geseën! Nou is ons ook gereed om vir God Drie-enig te *ly*, ons eie kruis op te neem en dit te dra tot verbreiding van die evangelie, en tot eer van God.

Is dit hoe die saligsprekinge in jou lewe funksioneer?

*Dr. Klasie Heystek (Emeritus)*